Die Hoërskool Menlopark · Excelsa Petamus · Sedert 1963

# menlo-insig

13/2024

9 Mei 2024

## LIEWE MENLO

Waar kry jy 'n voorsmakie van 'n Olimpiese Spele vir redenaars? By watter skool word die rugbyveld in 'n ommesientjie in 'n markplein verander? Waar is daar 'n konsentrasie van begeesterde leerders wat dag na dag opdaag om hulle beste te lewer? Waar roer die koor-optrede jou binneste totdat jy na jou asem snak en waar vind jy honderd inspirerende onderwysers wat hulle missie om te onderrig daagliks voluit uitleef?

Die antwoord op hierdie vrae lê op Menlo-bodem. Dit is hier waar vriendskappe op die sportveld en koorbankies gesmee word, waar planne beraam word om pannekoek en ander entrepreneuriese planne in kontant om te skakel. Dis op Menlo-bodem waar onderwysers leerders met hulle passie en kennis besiel en waar die terrein lewe kry wanneer Menloparkers soggens deur die hekke stap. Dit is hier waar geesdrif deur Menlo-parkers se are bruis, waar geleenthede geskep word en waar die oë op die toekoms gerig is.

Die skool maak vir die wintereksamen gereed en dit is met gemengde gevoelens dat ons na die rustigheid hiervan uitsien, want die begin van die wintereksamen kondig stadigaan die einde van die wintersportseisoen aan. Hokkiestokke sal weldra plek vir warm sjokolade voor die boeke maak, rugbystewels word vir ou vraestelle verruil en netbaloefeninge maak plek vir 'n ekstra klas. Met die aanbreek van die wintereksamen is die somer amptelik verby en maak ons vir 'n nuwe seisoen gereed. Ofskoon die senuwees in hierdie tyd soms knaag, bring die aanbreek van die eksamen tog kalmte en fokus.

Waar kan jy jou akademiese visie sonder skroom uitleef? Waar kry talent vlerke en waar is die toekoms blink? Die antwoord op hierdie vrae lê op Menlo-bodem. Waar anders? #myplekismenlo

Die Insig wens die senior Parkies sterkte vir die eksamen toe. Vir die juniors lê daar nog 'n paar nuwe lesse, inskerping en hersiening voor.

"HANG IN THERE."

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Stuur navrae en gebedsversoeke gerus aan 082 579 4968.

**Teks: 1 Johannes 4:13**

Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.









# DAGBOEK

**10/5**
Netbal: Eldoraigne (tuis)
Tennis: Amanda Coetzer Dogterstoernooi (Bloemfontein)
Koorfees

**11/5**
FSA-uitruilprogram (Ouditorium)
Seunshokkie: A- tot C-spanne (Eldoraigne, tuis en weg)
Rugby: SDC Noordvaal (Monument, weg)
Skaak: D4-Distriksfinaal
Landloop: AGN-liga (Eldoraigne)
Musiek-akademie: Herfskonsert (Saal, 15:00)

**13/5**
Wintereksamen: Gr. 10 – 12 (Volg gerus die skakel vir die **rooster**)
Seunshokkie: B-spanne (Sutherland) & C-spanne (Rietondale, tuis)

**14/4**
Debat: ATKV-semifinaal (Helpmekaar)

**15/5**
Seunshokkie: B-spanne (Midstream) & C-spanne (AHS)

**16/5**
Dogtershokkie: o. 18A St Anne's

# AKADEMIE

## Drie Menloparkers word in Poort gepubliseer

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vier vanjaar sy 115de bestaansjaar. Die multidissiplinêre organisasie wat grotendeels bekend is vir die toekenning van literêre pryse, het vanjaar oudergewoonte die Poort-skryfkompetisie aangebied.

Die kompetisie identifiseer leerders met skryftalent en gee blootstelling aan hulle deur middel van die Poort-publikasie.

Hierdie publikasie verskyn jaarliks en bevat gekeurde werk in die genres van prosa en poësie.

Die Insig wens graag die volgende Menloparkers wie se skryfwerk vanjaar vir die Poort-publikasie gekeur is, geluk:

**Poësie**

Rian Knoesen (gr. 10) Trek my

**Prosa**

Ernst Kromhout (gr. 12) Die meisie van Saffraanstraat
Monya van Zyl (gr. 12) Laat haar skyn



# MARKPLEIN

## Menlo-EBW =
## Harde werk + Groot pret!

Braaibroodjies, pannekoek, oliebolle, biltong en aarbeie met sjokoladesous! Dit was van die voorraad wat tydens die gr. 8-markdag aan die Parkies aangebied is.

Die rugbyveld is verlede week in 'n markplein omskep waar die vier produksiefaktore en allerlei sakebeginsels toegepas is om die graadagts toe te rus om hulle eie opwipwinkels tydens pouse te bedryf.

Daar was selfs entrepreneurs wat die markplein in 'n arkade en gimnasium omskep het waar die Parkies na hartelus aan speletjies kon deelneem en die krag in hulle armspiere kon toets. Die state is intussen ingedien en Die Insig berig graag dat die rekeningkundige vergelyking balanseer: Menlo-EBW = Harde werk + Groot pret! 'n Interne finansiële ontleding het aan die lig gebring dat die ekonomiese en produktiewe deelname van al die Parkies vir 'n gunstige vuurproefverhouding gesorg het, aangesien hulle die graadagts ruimskoots ondersteun het. Baie dankie aan Menlo se EBW-departement vir die organisasie van hierdie prettige en leersame dag!







# DEBAT

## Menlo-debatteerders se taalarsenaal is vol skietgoed

Menlo se voorste stryers was voorverlede naweek by die ATKV-debatskompetisie in aksie. Die debatteerders is die afgelope paar weke van gewone tieners na kenners op die gebied van skolesport (juniors) en die kousaliteit tussen selfdoenaksie en demokrasie (seniors) getransformeer. Die navorsing het vrugte afgewerp, want Menlo se spanne het hulleself uitstekend van hulle taak gekwyt.

Baie geluk aan elke Parkie-deelnemer en afrigter met goeie uitslae. Die volgende Menlo-spanne het as wenners uit die debatstryd getree:

**Juniors:** Milan Visser, Ruben Jv Rensburg & Liané de Wet; Jacques de Jager, Carolien Sevenster & Jamie Champion.

**Seniors:** Mikayla Zastrau & Telani Jv Rensburg; Le Roux van Wyk en Erik Senekal en Nina Dicks & Luan Visser.

Die volgende spanne het onder die top-10-spanne geëindig:

**Juniors:** Tristan Engelbrecht, Luané Erasmus & Kayden Venter; Erich Pieterse, Selie de Villiers & Zelia Küsel; Milan Visser, Ruben Jv Rensburg & Liané de Wet; Charlotte Jv Rensburg, Stéhan Serfontein & Christiaan de Jager en Jacques de Jager, Carolien Sevenster & Jamie Champion.

**Seniors:** Clara Serfontein & Danielle van Deventer; Mikayla Zastrau & Telani Jv Rensburg; Erik Senekal en Le Roux van Wyk; Altus Malan & Ilme Taljaard en Nina Dicks & Luan Visser.

Die Insig vermeld graag dat vyf uit die ses junior spanne en vyf uit die sewe senior spanne top-10-posisies behaal het – 'n puik prestasie.

Die skool is besonder trots op Le Roux en Erik wat die skool eersdaags in die semifinale ronde sal verteenwoordig.










# REDENAARS



## Menlo-redenaars praat 'n storm los

Dit is gemene saak dat die aanbieding van die ATKV-Streekskompetisie met 'n Olimpiese Spele in die kleine vergelyk kan word. Nagenoeg 3 500 voete wat aan 1 100 redenaars en hulle ouers behoort, het gedurende die naweek van 19 en 20 April oë op Menlo-bodem gewys.

Baie dankie aan elkeen in die Menlo-familie wat 'n bydrae tot die sukses van die dag gelewer het. Hartlik geluk aan die Parkies wat op 24 Mei aan die nasionale semifinaal sal deelneem.

**Gr. 8 & 9: Voorbereid:** Lisa Beyers (8), Luané Erasmus (9) en Kayden Venter (9).
**Gr. 8 & 9: Onvoorbereid:** Luné Zwemstra (8), Mia Botha (8), Mia Potgieter (8) & Tristan Engelbrecht (9).
**Gr. 10 – 12: Voorbereid:** Reeze Zeuner (10), Rian Knoesen (10), Ruben v Biljon (12) & Lize Booysen (12).
**Gr. 10 – 12: Onvoorbereid:** Daniélle de Wet (12) , Erik Senekal (10), Le Roux van Wyk (10), Megan Johnson (11) & Ilme Taljaard (12).

# KOOR

## Menlo is pure goud by plaaslike eisteddfod

Anders as die musiek wat deur Menlo se kore en instrumentaliste voortgebring word, val die woord, *eisteddfod*, nie sag op die oor nie. Hierdie vreemde woord het sy oorsprong uit Middeleeuse Wallis en beteken *om vir 'n sessie van musiek of digkuns te sit*. Die woord en tradisie het die toets van tyd deurstaan en in vandag se moderne tyd is Meimaand *eisteddfodseisoen*.

Die skool se twee kore asook verskeie instrumentaliste (klavier en saksofoon) was onlangs by die eisteddfod in aksie en die In-sig deel graag die uitslae:

**Menlo Junior Koor** (Afdeling: Minder ervare kore) A+

Knap gedaan Junior Koor, mnr. Lourens de Jager (dirigent) en me. Colleen Maré (begeleier).

**Menlo-koor** (Afdeling: Meer ervare gemengde kore) A++
Beste gemengde koor & Algehele wenner van die koorafdeling

Hartlik geluk aan die koor, me. Jeanmari van Papendorp (dirigent) en me. Betsie Schaap (begeleier).

**Klavier**

| | |
|---|---|
| Gerhard Mahne (gr. 11) | 2 x A+ (Itemwenner) |
| Liam de Koning (gr. 10) | A+ |
| Ané van Dyk (gr. 10) | B+ |
| Luka Smit (gr. 10) | B+, A & A+ |
| Jordan Naidoo (gr. 12) | A++ (Kategoriewenner) |

**Saksofoon**

| | |
|---|---|
| Imme Kromhout (gr. 11) | A++ (Itemwenner) |

Baie geluk aan Menlo se musikante en hulle bekwame leermeesters!







# NETBAL

## Diamante vorm onder druk

Wat gebeur met 'n bloubloed-Parkie-netbalspeler by die Wildeklawertoernooi in Kimberley? Sy ontluik in 'n gedugte teenstander met superkrag! Hartlik geluk aan Menlo se netbaldiamante wat uitstekend gevaar het. Die Wildeklawertoernooi is bekend as 'n toernooi waar die land se gedugste teenstanders mekaar die stryd aansê en Menlo het uitstekend in die drukpot gevaar. Die skool is trots op ons dogters se puik prestasies.

Hier volg die hoogtepunte:

**Eerstes**

| | |
|---|---|
| Menlo vs. Garsfontein | 31 – 25 |
| Menlo vs. Sentraal | 29 – 11 |
| Menlo vs. Paarl Meisies | 27 – 19 |
| Menlo vs. Helpmekaar | 24 – 17 |
| Menlo vs. Bloemhof Meisies | 23 – 18 |

Finale uitslag: Derde

**O. 16's**

| | |
|---|---|
| Menlo vs. Shayamoya | 24 – 28 |
| Menlo vs. Oranje Meisies | 22 – 17 |
| Menlo vs. PHS | 31 – 22 |
| Menlo vs. Rustenburg | 24 – 19 |
| Menlo vs. Framesby | 26 – 22 |

Finale uitslag: Sesde




Baie dankie aan die spelers, afrigters en spanbestuurders onder leiding van me. Eleanor du Toit. #menlotrots





# TENNIS

## Menlo-manne kraai koning in skoleliga

Die pad na tennisroem is met duwweltjies besaai en voor 'n span hulleself *ligawenners* kan noem, moet hulle eers met die manne van AHS, Waterkloof en Garsfontein afreken. Dis 'n strawwe uitdaging wat nie ligtelik opgeneem kan word nie en waarvoor die meeste skole sal skrik, maar nie Menlo nie – aikôna!

Die manne in Menlo se Junior A-span, Ruben Lourens, Victor Wentzel, Markus de Jager, Joshua Smit en Kelly Mostert het die uitdaging met albei hande aangegryp en sirkels om die teenstanders gehardloop. Na dese weet die teenstanders dat stroop nie net iets is wat 'n mens op roosterbrood eet nie...

Hartlik geluk aan die manne, me. Elné Coertzen (organiseerder) en die afrigters.

Hier volg die pad na tennisroem:

| | |
|---|---|
| Wen teen AHS A | 6 - 1 |
| Wen teen AHS B | 6 - 1 |
| Wen teen Waterkloof A | 4 - 3 |
| Wen teen Waterkloof B | 7 - 0 |
| Wen teen Garsfontein A | 6 - 1 |

# GHOLF







## Meesterlike Menlo verower trofee én harte

Die Insig het in 'n vorige uitgawe reeds 'n waarskuwing aan die wêreld se voorste gholfspelers gerig. Indien hulle dit nie ter harte neem nie, sal hulle in alle waarskynlikheid binnekort met die talentvolle Schalk van Ettinger (gr. 8) te doen kry.

Menlo se eerstespan, waarvan Schalk deel is, het vandeesweek die Woodlands Masters by die Serengeti Golf Estate met 'n telling van sewe en twintig houe onder baansyfer gewen. Schalk (-9) het met die individuele titel weggestap, terwyl Morné Heymans (gr. 8) die Bruce Ritchie Robinson Trofee vir die speler met die beste sportmangees ontvang het. Die skool loop breëbors oor hierdie pragtige prestasies en weet nou waaroor almal wonder: Die tieners met die mooiste maniere in die land is Parkies!

Vroeër in die maand was Menlo se gedugte viertal, ook bekend as Menlo 1, in die semifinaal van die Voorsitterstrofee teen die manne van AHS in aksie. Die Insig verneem dat gespanne waarnemers byna aan gholfstokke begin knaag het, maar die manne in blou het eindelik met 'n telling van 2.5 teenoor 1.5 geseëvier.

Hartlik geluk aan die afrigter, mnr. Nico van Eeden, en die span.

# MUURBAL





## Kudos vir MMA

Dinique Booyens en Sebastiaan Swart verdien vandeesweek Menlokudos. Dié twee muurbalspelers het hulle Menlo-drag tydelik vir Northerns-drag verruil om die provinsie by die SA Skole Country Festival in Bloemfontein te verteenwoordig. Hartlik geluk aan die twee muurbalsterre asook me. Liz Mackenzie (afrigter) en mnr. Willem Botha (organiseerder).

# SKAAK







## Vyf uit vyf vir Menlo!

Die skaakspan het vandeesweek sommer hulle geografiese kennis opgeknap terwyl hulle die opponente tussen die blokkies op die bord vasgepen het. Daar is vroeg in die week suidweswaarts gereis, terwyl die segetog in die ooste, by Hoërskool Silverton, geëindig het.

Hartlik geluk aan die Parkies onder die skaakleiding van mnr. Anton Goosen en die administratiewe leiding van me. Anouk de Klerk.

**Menlo vs. Rosina Sedibane**
O. 19 wen 6 uit 6
O. 17 wen 6 uit 6
O. 15 wen 4 uit 6

**Menlo vs. Silverton**
O. 19 wen 5-1
O. 15 wen 4-2


# SPOG

## Parkies trek aandag!

Die meeste mense weet al wat ons weet: Dat oënskynlik gewone leerders, ook bekend as Parkies, oor superkrag beskik wat hulle in staat stel om allerhande uitspattige prestasies te behaal. Die Insig berig vandeesweek oor twee van hierdie Menloparkers.

Monja van Zyl: Hierdie kranige aktrise het haar buiging as 'n lid van Beauty and the Beast se produksiespan wat in die Civic Teater opgetree het, gemaak.

Gideon Fourie: Hierdie gimnas vertrek eersdaags na Tunisië om Suid-Afrika by die Senior Afrika Kampioenskap in trampolien te verteenwoordig.





# ALUMNI









## Wêreld neem kennis van Menlo!

Dit is vir die Insig 'n riem onder die hart om van die wedervaringe van oud-Menloparkers te verneem. Ons spog vandeesweek graag met vier oudskoliere wat diep spore op Menlo-bodem getrap het en steeds van krag tot krag gaan.

**Charné Swart ('20):** Charné is 'n aspirantdokter en die land se vinnigste vrou oor 800 m. Dit is egter nie net haar talent wat aandag trek nie, maar ook haar sportmangees. The Fair Play Award of the FISU Games is aan haar toegeken nadat sy verlede jaar 'n atleet tydens die Wêreld Studentespele in Sjina gehelp het toe die atleet weens uitputting ineengestort het.

**Rikus van Niekerk ('19):** Rikus se atletiektalent – hy is 2019 se SA kampioen in die 5 000 m – het destyds die aandag van oorsese talentsoekers getrek. Hy is met 'n beurs beloon en het sy studies in siviele ingenieurswese in 2020 by California Baptist University afgeskop. Rikus het onlangs gegradueer en is as die beste student in siviele ingenieurswese aangewys.

**Ursula Killian:** Ursula matrikuleer in 2005 as 'n nooi Fourie. Sy verwerf vanjaar haar SA Meesterskleure in atletiek en vertrek later vanjaar na Swede waar sy die land by die Wêreld Atletiekkampioenskap vir Meesters sal verteenwoordig.

**Natalie Hanekom ('19):** Hierdie vernuftige elektroniese ingenieur is onlangs by haar gradeplegtigheid met die visekanseliersmedalje vir die beste prestasie in die fakulteit bekroon. Natalie het gedurende haar studies verskeie akademiese pryse ingepalm en die Insig wens haar sterkte vir die toekoms toe.

Eenmaal 'n Parkie. Altyd 'n Parkie!

MARKPLEIN

RAWSON Properties

YOUR NEIGHBOURHOOD EXPERTS













